Schützprojek Augustus 2015

1. Agtergrond

Meestersklasse, konsertprojekte, en kursusse in Historiese Uitvoeringspraktyk het reeds sedert 2008 tradisie by die Koepel Kunstesentrum. Met hierdie inisiatiewe word gepoog om kundigheid onder musici (amateurs, studente en professionele musici) in die uitvoeringspraktyk van nie-hedendaagse musiek te ontwikkel, om speelvaardigheid op historiese instrumente onder deskundige leiding te bevorder, en om die Suid-Afrikaanse publiek bewus te maak van die Vroeë Musiekbeweging en die verryking wat dit vir die uitvoering van nie-hedendaagse musiek inhou. Die langtermyndoelwit is om ‘n kerngroep van kundige musici in die noorde van die land te vestig, waarmee in die toekoms, selfs sonder deskundige leiding van oorsee, konsertprojekte op ‘n gereelde grondslag geloods kan word om sodoende werksgeleenthede in hierdie nismark te skep.

Die musiek van Heinrich Schütz, belangrikste Duitse komponis van die sewentiende eeu, bied besondere voordele vir die verwesenliking van hierdie doelwitte. Eerstens is Schütz se musiek – soos die van sy tydgenote – vir die algemene konsertpubliek onbekend, wat dit nuwigheidwaarde in ‘n konsertprogram gee. Tweedens vereis die uitvoering daarvan ‘n ensemble wat uit sangers, strykers, en hout- en koperblasers bestaan, sodat ‘n groot verskeidenheid van musici betrek kan word in ‘n relatief klein besetting. Laastens is die musiek van hoogstaande gehalte en uitstekend geskik om deelnemers en gehoor van die waarde van die historiese uitvoeringspraktyk te oortuig.

2. Afloop van die projek

Die aktiwiteite het op Vrydag 24 Julie by die Koepel Kunstesentrum op Deelfontein in die Noord-Vrystaat begin. Die bekende barokvioliste Antoinette Lohmann, vergesel van haar kollega Marcel Beekman (tenoor), albei van Amsterdam, het die konsertprogram met die ensemble van twaalf sangers, ses strykers, drie skuiftrompetspelers en ‘n orrelis ingestudeer. Tydens die eerste oefennaweek op Deelfontein is op die inoefening van die koorwerke gekonsentreer. Vanaf Maandag 27 Julie het die oefeninge aan die huis van Gerhard Coetzer, een van die koorsangers, in Pretoria plaasgevind. Hier is ook intensief met die instrumentaliste geoefen. ‘n Solokonsert met werke vir tenoor en viool, begelei deur die klawesimbelspeler Andrew Cruickshank, is op Saterdagaand 1 Augustus in die Christ Church, Arkadia, deur Marcel Beekman en Antoinette Lohmann aangebied. Op Sondagmiddag is die Schwanengesang in ‘n konsert geborg deur UNISA in die ZK Matthews-saal in Sunnyside voor ‘n groot en geesdriftige gehoor uitgevoer. Die koorwerke is met instrumentele tussenspele vir strykensemble en soloviool van Schein, Funck en Kindermann afgewissel.

3. Die Musikale Direksie

Antoinette Lohmann

is hoof van die afdeling vir vroeë musiek aan die Utrechtse Konservatorium en onderrig daar barokviool en altviool asook die dokumentasie van historiese uitvoeringspraktyk. Sy was voorheen in uiteenlopende musiekterreine aktief, maar konsentreer huidiglik op die historiese instrumente viool, altviool, viola d’amore, tenoorviool en viola pomposa. Haar voorliefde vir die uitsnuffel van onbekende repertoire het gelei tot verskeie opnames, soos onder andere die sonates vir klavier en viool van Joseph Martin Kraus en Margarethe Danzi. As uitvoerende musikus speel Antoinette Lohmann in ensembles soos Ensemble Schönbrunn, Camerata Trajectina, die Nederlandse Bachvereniging, Musica Temprana, die Kölner Akademie, la Sfera Harmoniosa en in die Utrechtse Barok-Consort. Antoinette Lohmann het sedert 2008, toe sy die eerste maal ‘n projek op uitnodiging van die Koepel Kunstesentrum gelei het, die land herhaaldelik besoek en gee gereeld konserte en meestersklasse. Onder andere is sy reeds drie jaar by die winterskool in vroeë musiek aangebied deur die Universiteit van Kaapstad betrokke.

Marcel Beekman

Die tenoor Marcel Beekman is ewe tuis in die gewone konsert- en operarepertoire en in vroeë musiek. Hy tree met bekende Europese orkeste onder dirigente soos Simon Rattle en Frans Brüggen op. Alhoewel hy bekend is vir sy liefde en uitvoerings van barokmusiek, het hy ook eerste uitvoerings van vele werke van hedendaagse komponiste gelewer. Sy lang lys van opnames getuig van sy veelsydigheid as sanger. Hy het in verskeie operas opgetree, van Monteverdi se *Poppea* tot Denisov se *L’Écume des jours*, en sy uitvoering in die titelrol van Rameau se *Platée* het groot byval in Wene, Parys en New York gevind. Marcel Beekman het Suid-Afrika met hierdie projek die eerste maal besoek, maar was intussen weer op besoek, en sy betrokkenheid in toekomstige projekte word reeds beplan.

4. Deelnemers

Sopraan:	Esté Meerkotter, Alna Smit, Annette Deyer, San-Mari van Zyl
Alt:	Runhild Hüsselmann, Susan van Wyk, Karien Labuschagne, Angelika Johannes
Tenoor:	Marcel Beekman, Gerhard Coetzer,
Bas:	Rassie Smit, Gerhard Benade

Viool:	Antoinette Lohmann, Tanya Spiller, Werner Retief
Altviool:	Elmarie van der Vyver
Cello:	Nicola Johannes
Kontrabas:	Hilton Anspach

Altskuiftrompet:	Manfred Johannes
Tenoorskuiftrompet:	Günther Niebuhr
Basskuiftrompet:	Rainer von Schlichting

Orrel:	Dietrich Johannes

5. Die Musiekprogramme

Die musiekprogram vir die projek is saamgestel uit uittreksels van die Schwanengesang van Heinrich Schütz. Dit is die komponis se laaste groot werk, gekomponeer enkele jare voor sy dood op 87jarige ouderdom. Dit bestaan uit ‘n toonsetting van die volledige teks van Psalm 119 in elf dele, afgesluit deur toonsettings van Psalm 100 en die Magnificat. Vir die solokonsert van Marcel Beekman en Antoinette Lohmann is arias van Händel en Bononcini sowel as werke vir viool en continuo van Bach en Nozeman gekies.

Program van die solokonsert in die Christ Church, Arkadia

Georg Friedrich Händel (1685-1759)
Duitse Arias
nr. 2 - Das zitternde Glänzen der spielenden Wellen
nr. 4 - Süsse Stille, sanfte Quelle
nr. 5 - Singe, Seele, Gott zum Preise

Jacobus Nozeman (1693-1745)
Sonate vir viol en continuo opus 2 nr. 1 in E majeur

Giovanni Bononcini (1670-1747)
Quando Parli
Kantate vir tenoor en continuo

Johann Sebastian Bach (1785 – 1750)
Sonate vir viol en continuo BWV 1021

Georg Friedrich Händel
Duitse Arias
nr. 6 - Meine Seele hört im Sehen
nr. 8 - In den angenehmen Büschen

Program van die konsert by UNISA, 2 Augustus

Schwanengesang

Heinrich Schütz (1586 – 1672)
Psalm 119
vir dubbelkoor en instrumente
Marcel Beekman, tenoor (Amsterdam)
Antoinette Lohmann, viool (Amsterdam)
Ensemble Fons Partita

Pater Marianus Baal (1657-1701):
Sonate vir viol en continuo (1677)

Johann Hermann Schein (1586-1630)
Banchetto Musicale XXII: Intrada

1 Aleph & Beth
Wohl denen, die ohne Wandel leben (SWV 482)

Banchetto Musicale XIII: Padouana, Allemande

3 He & Vav
Zeige mir Herr, den Weg deiner Rechte (SWV 484)

David Funck (1648 – 1699?)
Strictutrae Viola-di Gambicae: Intrad, Saraband, Lamento

7 Mem & Nun
Wie habe ich dein Gesetze so lieb (SWV 488)

Banchetto Musicale XI

11 Schin & Tav
Die Fürste verfolgen mich ohn Ursach (SWV 492)

Johann Erasmus Kindermann (1616 – 1635)
Sonata Prima (Pars Posterior) vir viol en continuo (ca 1653)

Banchetto Musicale XXII: Padouana

Psalm 100: Jauchzet dem Herren, alle Welt (SWV 493)

Banchetto Musicale I: Gagliarda

Magnificat: Meine Seele erhebt den Herren (SWV 494)

6. Reaksie van die pers

Schütz-uitvoering eerste in Afrika

Paul Boekkooi Vrydag 7 Augustus 2015

Der Schwanengesang, SW 484-492 (Schütz)

ZK Matthews, Unisa, Pretoria

Heinrich Schütz (1586-1672) was die belangrikste Duitse komponis in die voor-Baroktydperk. “Der Schwanengesang” is ’n enorme kreatiewe afsluiting van sy lewenstaak, naamlik om God, Sy skepping en grootsheid te eer, maar ook om geselekteerd die omvangrykheid van die Bybelgeskiedenis te toonset sodat musiek die Evangelie verder kon uitdra.

Ons was bevoorreg om met dié uitvoering, waarskynlik ’n eerste op Afrika-bodem, ’n aansienlike deel daarvan te kon hoor. Die werk is in sy geheel ’n toonsetting van Psalm 119, wat lengte en inhoud betref, ’n marathon in Bybelse digkuns. Dit is dan ook ongetwyfeld Schütz se opus ultimum.

Vir eeue lank was ingeligte musiekhistorici slegs van die bestaan daarvan bewus. Die oorspronklike manuskrip is eers in die laat-1970’s gevind en in 1984 gepubliseer. Schütz self het aanbeveel dat agt sangers en twee orrels vir dié werk ideaal is. Met die plaaslike Ensemble Fons Partita se uitvoering daarvan is daar op 12 sangers en ’n enkele orrel besluit – bloot ’n pragmatiese keuse.

Die stukrag agter dié uitvoering was die teenwoordigheid van twee spesialiste in ou musiek: Antoinette Lohmann (viool) en Marcel Beekman (tenoor) wat die voorafgaande repetisieproses van tien dae gelei het. Die koor en orkes bestaan merendeels uit toegewyde amateurs en was duidelik vertroud met die eise van vroeë musiek.

Beekman het die uitvoering vanuit sy plek in die koor gedirigeer, iets wat voor- en nadele het, maar hier wel gesorg het vir ’n eenheid in benadering. Syne was dat sy aandeel neerkom op gesonge prosavertelling waarin die spesiale musikaal-retoriese affekte volledig tot sy reg kom en verál so met die klem op spesifieke woorde in die teks.

Dit is hierdie teksgerigtheid wat ’n helderheid by die koor tot gevolg gehad het, al was die ensemble tussen stemgroepe soms momenteel wankelend. Wat onthou moet word, is dat Schütz met chromatiese en harmoniese passasies geëksperimenteer het en daardeur enorme eise aan sangers stel. Klank het ook deurgaans die woord gedien.

Histories verifieerbaar was ook die tien lede van die instrumentale ensemble wat drie trombone ingesluit het. Die klankkleure wat na vore gekom het, was bepaald iets baie besonders, behalwe vir dié oomblikke waar die koperblasers so effens met intonasie geworstel het.

Tussen die vokale gedeeltes deur het Lohmann as solis opgetree in stukke van byvoorbeeld Baal en Kindermann. Haar totale natuurlike beheer en uitdrukkingskrag in dié musiek was van ’n meevoerende gehalte, met arpeggio’s en dubbelgrepe deurgaans perfek suiwer. Ook die schwung (om ’n Duitse woord te gebruik) was immer teenwoordig om byvoorbeeld toonvorming en dinamiek te laat gedy. Die musici se besluit om Psalm 100 en die Magnificat teen die einde by te voeg was ’n besonderse bonus vir alle Schütz-liefhebbers.

7. Reaksie van Deelnemer

Dear Gerhard, Marcel and Antoinette
I'm sorry that I had to rush off so quickly after Sunday's performance, and never got to say a proper thank you to each of you for the amazing musical experience we were able to share! It is so uplifting to be able to participate in a project like that, reconnecting with that sublime early music and discovering more about it and about music in general.
Gerhard, baie dankie vir *al* jou harde werk, passie en geduld. Dit is so ‘n voorreg om deel van jou visie te wees, en dit is as gevolg van jou kalm koordinasie dat ons almal hierdie spesiale ervaring kon beleef!
Antoinette, thank you for your passion and vision in bring this incredibly spiritual music to life, inspiring us to sing more than just notes. I hope that even when I sang the wrong notes, I sang them with an appropriate "affekt".
Marcel, I so appreciated your warm and centered spirit (not to mention your warm and centered voice!). I wish I could have learned more from you, since you have so much to give. Thank you for sharing of yourself with us in such an open hearted way as we tried to do some justice to this deeply spiritual music.
To both of you, thank you for putting up with this rag-tag bunch of South African singers. We all come from such diverse lives, but we all love to make music and to connect with other musicians in meaningful ways. You guys made that possible for us and made much more of us than we ever could have done by ourselves.
I wish you all the best, until we meet again.

Warm regards

Esté Meerkotter

8. Finansiële Verslag

Inkomste:	
Toekenning van die Rupert Musiekstigting	55 000
UNISA konsertbetaling (1 geborgde konsert)	16 500
Inkomste van solokonsert in Christ Church	3 420
Totaal	**74 920**
Uitgawes:	
Vlugte (Lohmann en Beekman)	29 480
Transport	2 210
Honoraria (Lohmann, Beekman, Cruickshank, Van der Vyver)	30 650
Akkommodasie en etes	10 380
Administrasie en diverse uitgawes	2 200
Totaal	**74 920**

9. Impak en resultate van die projek

Die sukses van hierdie projek, gemeet aan die geesdrif van die deelnemers en die positiewe terugvoering van die gehoor en die pers, verskaf die energie om met soortgelyke inisiatiewe voort te gaan om vroeë musiek in Suid-Afrika te ontwikkel. Die tradisie gevestig deur die aanbiedinge van die Koepel Kunstesentrum sedert 2008 het reeds groot momentum opgebou en met die skryf van hierdie verslag is die opvolgprojek van Februarie 2016 reeds suksesvol afgehandel, en word voorberei vir die eerste volskaalse uitvoering van Bach se Johannespassie met historiese instrumente in Maart 2016. Die doelstelling om vroeë musiek met behulp van sulke konsertprojekte te bevorder, word dus telkens baie suksesvol bereik. Met elke geleentheid word ook meer lede van die konsertpubliek bereik en ingelig, waardeur die bewustheid van histories gefundeerde uitvoeringspraktyk in die land toeneem.

Dit is die hoop van die organiseerder dat daar spoedig ‘n punt bereik sal word waarby die kritieke getal plaaslike musici wat nodig is om sulke produksies van stapel te stuur, gegewe is. Dan sal dit moontlik wees om betalende meestersklasse, kursusse, en konserte te organiseer, en daarmee die musici te motiveer om kundigheid oor historiese uitvoeringspraktyk te bekom en die nodige instrumente aan te skaf. Hierdie punt is in die Kaap oor die afgelope ongeveer 5 jaar reeds bereik, en die toename in aktiwiteit op die gebied van vroeë musiek in die Wes-Kaap is ‘n duidelike gevolg daarvan.

Dit is miskien telkens nodig om te motiveer waarom die bevordering van vroeë musiek, wat ‘n baie klein deel van die totale spektrum van kunsaktiwiteit in Suid-Afrika uitmaak, belangrik is. Afgesien daarvan dat vroeë musiek in die westerse musieklewe intussen ‘n toonaangewende rol speel en die onbekendheid daarvan in hierdie land gewoon aan ons isolasie van globale musiekstrominge te wyte is, is dit vir die opleiding van jong musici in Suid-Afrika wesenlik. ‘n Samelewing wat belangrike aspekte van sy kultuur ignoreer, besny ook die kwaliteit van sy opleiding en die latere beroepsgeleenthede van sy studente. Bowendien beteken elke verarming van die Suid-Afrikaanse kultuurlewe ‘n potensiële verlies aan kundiges, veral jong musici wat geleenthede vir hulle musikale verwesenliking nodig het.

Die verryking van die Suid-Afrikaanse musieklewe deur projekte soos hierdie, en die gepaardgaande ontwikkeling van beide musici en publiek deur die teenwoordigheid van die voorste Europese kunstenaars, dra by tot die diversiteit en lewenskrag van ons kultuurlewe en is juis in vandag se moeilike ekonomiese omgewing ‘n prioriteit.